

**Vrydag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12**

**Fokusgedeelte: Romeine 14:1-12**

**Aanvaar en verdra mekaar binne die gesin**

Die gesin is 'n veilige eenheid wat deur God ingestel is. Alhoewel hierdie gedeelte nie spesifiek oor die gesin gaan nie, is dit sekerlik ook op die gesin van toepassing.

Paulus is besig om gelowiges te leer hoe om hulle geloof prakties uit te leef in verhoudinge. Hy maak onderskeid tussen dié wie se geloof "swak" is en hulle wat van mening is dat hulle geloof "sterk" is. Die kern van sy boodskap hier is nie om agter te kom wie reg en wie verkeerd is nie. Dit gaan hier oor die gesindheid waarmee ek voor die Here leef, en hoe ek ander begelei om voor Hom en sy wil te leef, en nie voor my en my wil nie. Wanneer mense volgens my wil moet leef, veroordeel ek hulle. "Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie" (vs 7). "Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here" (vs 8).

Dit is veral belangrik in die gesin dat ons nie mekaar dwing om voor mekaar se voete te kom nie, maar om eerder voor die voete van die Here te kom. "Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword." Ons roeping as gesin is dus om 'n veilige ruimte te skep waarbinne elkeen gehelp word om eerlik voor God te kom om rekenskap te kan gee (vs 12). Ouers en grootouers, maak dus duidelik vir wie jy leef, nie deur jou gesin/familie bang te maak vir alles wat "verkeerd" is nie, maar deur hulle lief te maak vir wat reg is omdat jy self oortuigend aan die Here behoort. Kinders, julle moet geduld hê met julle ouers se foute – en soek die veiligheid van jou gesin op. Ons behoort eers aan God, en dan (ook daarom) aan mekaar.

*Sing: Psalm 38-1:1, 8*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*